# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 30

## DIE REGERING VAN DIE KERK



Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.

Daar moet na[illegible]enaars of herders wees om die Woord van God te verkondig [illegible] sakramente te bedien; ook [illegible]ge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm.

Deur h[illegible]iddel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer [illegible]sprei, die o[illegible]s op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes [illegible]gens hull[illegible]gehelp en getroos w[illegible]

[illegible]

# DIE REGERING VAN DIE KERK



Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.



Handelinge 20:28: Pas julleself op, en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God, wat Hy deur sy eie bloed verwerf het, herderlik te versorg.

Efesiërs 4:11-13: En Hy het sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars gegee, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, om die liggaam van Christus op te bou, totdat ons almal kom tot eenheid in geloof en in kennis van die Seun van God, en tot 'n volwassenheid wat in ooreenstemming is met die volgroeide gestalte van die volheid van Christus.

1 Timoteus 3:15: Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God, 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.

Hebreërs 13:20-21: En mag die God van vrede, wat die groot Herder van die skape, ons Here Jesus, uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond, julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen, terwyl Hy in ons dit doen wat voor Hom welbehaaglik is, deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid behoort, vir ewig en ewig! Amen!

# DIE REGERING VAN DIE KERK



Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien;



Lukas 1:2: soos die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het.

Lukas 10:16: “Wie na julle luister, luister na My, en wie julle verwerp, verwerp My. En wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.”

Johannes 20:23:  As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou.”

Romeine 10:14: Hoe kan hulle Hom dan aanroep, as hulle nie tot geloof in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat dit verkondig?

1 Korintiërs 4:1-2: Só moet mense ons beskou: as diensknegte van Christus en as bedienaars van die verborgenhede van God. Boonop word van sulke bedienaars verwag dat elkeen van hulle getrou bevind sal word.

2 Korintiërs 5:19-20: Dit bestaan daarin dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle nie hulle oortredings toe te reken nie; en Hy het aan ons die boodskap van versoening toevertrou. Ons tree dan op as gesante ter wille van Christus, asof God self deur ons 'n beroep op julle doen. Ons pleit by julle, om Christus ontwil: Laat julle met God versoen!

2 Timoteus 4:2: Verkondig die woord, hou tydig en ontydig aan, weerlê, bestraf, bemoedig in alle geduld en deur lering.

# DIE REGERING VAN DIE KERK



Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge



Handelinge 14:23: Hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge aangestel, en nadat hulle gebid en gevas het, hulle opgedra aan die Here in wie hulle nou geglo het.

Titus 1:5: Hiervoor het ek jou in Kreta laat agterbly: dat jy onafgehandelde sake kan afhandel, en in elke dorp ouderlinge kan aanstel, soos ek aan jou opgedra het.

# DIE REGERING VAN DIE KERK



Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens



1 Timoteus 3:8-10: Net so moet diakens hulle waardig gedra, nie uit twee monde praat nie, hulle nie oorgee aan baie wyn nie, nie inhalig wees nie, terwyl hulle met 'n skoon gewete aan die geheimenis van die geloof vashou. Maar laat hulle eers getoets word, en as hulle onberispelik bevind word, laat hulle dan as diakens optree.

Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm.



Filippense 1:1: Paulus en Timoteus, diensknegte van Christus Jesus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filippi is, en ook die opsieners en diakens:

1 Timoteus 4:14: Moenie die genadegawe in jou verwaarloos wat deur profesie aan jou geskenk is toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het nie.

# DIE REGERING VAN DIE KERK



Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word.



Handelinge 6:1-4: Maar in dié dae, toe die aantal dissipels al hoe meer geword het, het 'n gemor onder die Helleniste teen die Hebreërs ontstaan omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien word. Die twaalf het daarop die hele groep dissipels bymekaargeroep en gesê: “Dit is nie goed dat ons die woord van God verwaarloos om by die tafels diens te verrig nie. Broers, soek dan sewe mans onder julle, van goeie getuienis en vol van die Gees en van wysheid, wat ons vir hierdie taak kan aanstel. En ons sal ons dan toelê op gebed en die bediening van die woord.”

Titus 1:7-9: Want 'n opsiener moet, as bestuurder oor die huishouding van God, onberispelik wees: nie eiesinnig of humeurig nie, iemand wat nie te veel drink of skoorsoekerig is of oneerlike wins najaag nie, maar gasvry, lief vir die goeie, verstandig, regverdig, toegewyd en selfbeheersd. Hy moet hom hou aan die betroubare woord, in ooreenstemming met die lering, sodat hy deur die gesonde leer kan bemoedig, en ook hulle wat dit teengaan, verkeerd kan bewys.

Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word



1 Korintiërs 4:1-2: Só moet mense ons beskou: as dienskneqte van Christus en as bedienaars van die verborgenhede van God. Boonop word van sulke bedienaars verwag dat elkeen van hulle getrou bevind sal word.

# DIE REGERING VAN DIE KERK



Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee.



1 Timoteus 3:1-7: 1 Dié uitspraak is betroubaar. As iemand na 'n amp as opsiener streef, begeer hy 'n goeie taak. 'n Opsiener moet onberispelik wees: 'n man met net een vrou, beheersd, verstandig, goed gemanierd, gasvry, en in staat om onderrig te gee. Hy moet nie 'n dronkaard of veglustig wees nie, maar inskiklik, vredeliewend, en nie geldgierig nie. Hy moet met volkome waardigheid sy eie huishouding goed bestuur en sy kinders onderdanig hou. Maar as iemand sy eie huishouding nie behoorlik kan bestuur nie, hoe sal hy na die gemeente van God kan omsien? Hy moet nie 'n pasbekeerde wees nie, sodat hy nie verwaand word, en in dieselfde oordeel as die Duiwel beland nie. Boonop moet hy 'n goeie reputasie onder die mense buite die gemeente hê, sodat hy nie in die skande en in die Duiwel se strik beland nie.

1 Timoteus 3:8-10: Net so moet diakens hulle waardig gedra, nie uit twee monde praat nie, hulle nie oorgee aan baie wyn nie, nie inhalig wees nie, terwyl hulle met 'n skoon gewete aan die geheimenis van die geloof vashou. Maar laat hulle eers getoets word, en as hulle onberispelik bevind word, laat hulle dan as diakens optree.

1 Timoteus 3:12: Diakens moet net een vrou hê, en hulle kinders en hulle eie huishoudings goed bestuur.

1 Timoteus 3:13: Want wie hulle dienswerk as diakens goed doen, verwerf groot aansien vir hulleself, en verkry groot vrymoedigheid deur die geloof in Christus Jesus.

Nederlandse Geloofsbelydenis

## DIE REGERING VAN DIE KERK

Artikel: 30

Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.

Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm.

Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word.

Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee.

# DIE REGERING VAN DIE KERK



Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word[1].
Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien[2]; ook ouderlinge[3] en diakens[4] om saam met die herders die kerkraad te vorm[5].
Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word[6].
Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word[7] ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee[8].

1 Handelinge 20:28; Efesiërs 4:11-13; 1 Timoteus 3:15; Hebreërs 13:20-21
2 Lukas 1:2; Lukas 10:16; Johannes 20:23; Romeine 10:14; 1 Korintiërs 4:1-2; 2 Korintiërs 5:19-20; 2 Timoteus 4:2
3 Handelinge 14:23; Titus 1:5
4 1 Timoteus 3:8-10
5 Filippense 1:1; 1 Timoteus 4:14
6 Handelinge 6:1-4; Titus 1:7-9
7 1 Korintiërs 4:1-2
8 1 Timoteus 3:1-7; 1 Timoteus 3:8-10; 1 Timoteus 3:12; 1 Timoteus 3:13